**Beste ATKV-Klein-Kariba vakansieganger**

Baie welkom by ATKV Klein-Kariba, die juweel van die bosveld! Ons hoop dat u net so baie na hierdie welverdiende September vakansie uitgesien het as wat ons as personeelspan daarna uitgesien het dat die vakansieseisoen sal aanbreek sodat ons u hier kan verwelkom. Ons gaan ons bes doen om hierdie u beste vakansie ooit te maak, en wil ons u sommer dadelik uitnooi om met enige van ons personeel te kom praat sou daar enigiets wees wat ons kan doen om u vakansie-ervaring nog lekkerder en meer onvergeetlik te maak. Vir enige probleme of klagtes kan die diensbestuurder by 078 580 7092 geskakel word.

Ons is baie trots op ons pragoord, daarom vra ons mooi dat elke besoeker dit sal oppas, en dit skoon en netjies sal hou. Meld gerus enige gebrekke of tekortkominge by ons aan sodat ons dadelik daaraan kan aandag gee.

Ons wil ook vra dat u uself deeglik van die oordreëls sal vergewis en asseblief daarby sal hou – só verseker ons ’n onvergeetlike vakansie vir almal op die oord. Ons laat ongelukkig geen gazebos rondom die Dairymaid-swembad toe nie, slegs by die verhitte Spruitjie-swembad, asook die koue swembad by die woonstelle. Strandsambrele kan in plaas van gazebos gebruik word. Daar mag nie rondom die Dairymaid-swembad plek gehou word nie en alle items wat teen 23:00 nie verwyder is van die perseel nie, sal deur sekuriteit geneem en gestoor word tot dit deur die betrokke partye afgehaal word. Wees ook asseblief attent op die verskeie rookareas en verseker dat daar slegs in hierdie areas gerook word – sekuriteit gaan streng optree teen gaste wat nie die reëls gehoorsaam nie, vir almal se onthalwe. Ons waardeer almal se samewerking in hierdie verband.

Algehele stilte heers vanaf 23:00 op die oord en ons sal geen geraas of musiek duld nie. Gedurende die dag tot en met 23:00 word dit toegelaat, maar slegs op so ’n manier dat net u eenheid of staanplek dit kan hoor sodat dit nie die bure/eenhede in die omgewing steur nie. Geen musiek vanuit voertuigradios, musieksentrums/toestelle of instrumente word toegelaat nie.

Dandre en sy vermaakspan het ’n program vol pret en plesier uitgewerk wat beloof om oud en jonk, gestryk en ongestryk baie genot te verskaf. Selfs die lekkerste, suksesvolste vakansieprogram hang af van die vakansiegangers se deelname daaraan, en daarom wil ons u aanmoedig om deel te neem. Dit gee ouers die geleentheid om saam met hul kinders te speel en pret te hê, en ek kan u waarborg dat as u dit doen, hierdie vakansie een van u gesin se beste herinneringe sal wees.

Namens die ATKV-topbestuur en die hele ATKV Klein-Kariba-personeelspan wil ons dankie sê vir jul onvoorwaardelike ondersteuning aan ons oord en die ATKV; ons waardeer dit opreg en sou dit nie sonder julle kon doen nie.

Waar's dit lekker...? Hier's dit LEKKER!!

Vriendelike Klein-Kariba groete

Bradley Rawlins

Oordbestuurder

**Let wel:**

- Geen dagbesoekers word toegelaat nie.
- Wasmasjienkoepons kan weer by die winkel verruil word vir kontant.
- Die vermaakprogram is onderhewig aan veranderinge sonder enige vooraf kennisgewing.
- Moet asseblief nie die diere voer nie. Dit sluit die bobbejane, ape en dassies in.
- Hou asseblief die staproetes en bergfietsroetes skoon van enige rommel.
- Geen alkoholiese drank en glashouers sal in en om die swembad en in die speelpark toegelaat word nie.
- **Geen gazebo's word toegelaat rondom die Dairymaid-swembad nie. Slegs by die verhitte Spruitjie-swembad, die koue swembad by die woonstelle, asook op die grasland oorkant die glybaan.**
- Neem kennis dat u op eie risiko deelneem aan enige vermaakaktiwiteite wat aangebied word.
- Neem kennis dat die area by die swembaddens rookvry is en dat daar aangewysde rookareas is.

**Kontaknommers:**

| | |
|---|---|
| Ontvangs: | 014 736 9800 |
| Inligtingsentrum: | 014 736 9888 |
| Diensbestuurder: | 078 580 7092 |
| Sekuriteit: | 014 736 9819 |
| Ambulansdiens: | 076 662 5654 |
| Restaurant: | 014 736 9859 |
| Restaurant WhatsApp | 072 760 9468 (WhatsApp vir bestellings alleenlik) |

## Vrydag, 20 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 14:00-17:00 | **Welkom by ATKV Klein-Kariba! ☺**<br>**Hierdie naweek is trots geborg deur Camp Master** | Ontvangs |
| 14:00 | **Filmvertoning onder die sterre**<br>Bring jou kampstoel of kombers en span uit vir die grootskermfilm langs die swembad. | Dairymaid-verhoog |

## Saterdag, 21 September 2024

**#KomOnsBraai!**

Kompetisies, uitdagings en groot pryse geborg deur Camp Master is vandag op die spel. Lootjietrekking en prysuitdeling om 15:00.

| | | |
|---|---|---|
| 10:00 | **Bulletjiebraai en Baasbakstertjie-kompetisie**<br>Ons nooi al die laerskoolmaats om te kom wys hoe daar nou éintlik gebraai en gebak en brou moet word. Bring jou braaitang en voorskoot saam. | Dairymaid-verhoog |
| 10:00 | **Krok op die spit!**<br>Vandag braai ons lekker krokedilvleis. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikiti-pret:**<br>Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke. | Dairymaid-verhoog |
| 13:00 | **Steakeetkompetisie**<br>Op jou merke gereed en vreet! Het jy wat dit vat om ons steakporsie binne 30 min op te eet? Wel, dan is dit nou die kans. Kom skryf vroegtydig in by die Dairymaid-verhoog. Daar is beperkte plekke beskikbaar. Inskrywings R250 pp. | Dairymaid-verhoog |
| 13:00-16:00 | **Teikenskiet teen R55 per beurt:**<br>Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet. | Inligtingsentrum |

| | | |
|---|---|---|
| 15:00 | **Prysuitdeling/Lootjietrekking**<br>Ons wenners van die dag word aangekondig. Wie is hulle en wat het hulle gewen? | Dairymaid-verhoog |
| 17:00 | **Bring en braai:**<br>Klein-Kariba voorsien die vure, gratis pap en sous asook musiek en 'n lekker atmosfeer. Moet dit nie misloop nie. | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Gratis optrede deur die gewilde Dodo Nyoka!** | Dairymaid-verhoog |
| 19:30 | **Gratis optrede deur die gewilde Jay!** | Dairymaid-verhoog |

## Sondag, 22 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 09:00 | **Rustige musiek by die swembad** | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Filmvertoning:**<br>. Bring jul komberse, kussings en natuurlik eet- en drinkgoed. | Dairymaid-verhoog |

## Maandag, 23 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Klein-Kariba-brêkfis!**<br>Ons buffetontbyt is daagliks beskikbaar, maar onthou ook ons *à la carte*-brêkfis opsies: Franse roosterbrood met spek, muesli en joghurt of 'n vinnige brêkfis broodjie as jy nie so honger is nie. Cappuccino's, espresso's en selfs rooibostee is op die spyskaart beskikbaar! Kyk gerus uit vir ons soet peuselhappies! | Koswerf Restaurant |
| 08:00-16:00 | **Rotsklim en abseil:**<br>Kom wys jou staal teen R50 per beurt. | Grasland |

| | | |
|---|---|---|
| 09:00-18:00 | **Wegneemetes en Chip-n-Dip** | Kits-Koswerf Kiosk |
| 10:00-18:00 | **Kom geniet 'n heerlike GROOTMENS-ysdrankie langs die swembad** | Kits-Koswerf Kiosk |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br>Luister wat als vandag by die oord gebeur. | Oord |
| 10:00 | **Karnalliepret:**<br>Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikiti-pret:**<br>Hier wag baie pret vir almal. | Dairymaid-verhoog |
| 15:00 | **Kariba-koors:**<br>Eenminuutuitdagings vir die blitsiges. Wys wat jy in net een minuut kan doen. | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Koesbal (Dodgeball):**<br>Al die hoërskoolleerders en dié wat ouer is, kan deelneem. Wie gaan ons koesbalkampioen wees? | Dairymaid-verhoog |

## Dinsdag, 24 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt:**<br>Spek, eiers en konfyt op roosterbrood, maar ons stop nie daar nie, daar is omelette … daar is tuisgebak met kaas … daar is selfs vrugte, koffie en sap! | Koswerf Restaurant |
| 09:00-18:00 | **Wegneemetes en Chip-n-Dip:**<br>Roosterbroodjies met vulsels om van te kies en te keur, lekker slaptjips of Chip-n-Dip-kombo's, Eskimo Joe-ysdrankies en vele meer sonder om 'n oomblik van die vermaak by die swembad te mis. | Kits-Koswerf Kiosk |

| | | |
|---|---|---|
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Luister wat als vandag by die oord gebeur. | Oord |
| 10:00 | **Karnalliepret:**<br><br>Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikiti-pret:**<br><br>Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke. | Dairymaid-verhoog |
| 12:00-20:00 | ***À la carte*-spyskaart en dameskroeg:**<br><br>Warm uit die pizzaoond of vars van die Koswerf-kombuis. Hoender of vis, en vir die karnivore, GROOT burgers, biefstukke of ligte etes en 'n lekkerny vir die soettand. By Koswerf is die kos altyd op die tafel en daar is ietsie vir elkeen. | Koswerf Restaurant |
| 13:00 | **Reptielvertoning:**<br><br>Vandag leer ons julle meer oor slange. | Dairymaid-verhoog |
| 15:00 | **Ga-vi-goud:**<br><br>Geniet 'n opwindende spel van Ga-vi-goud en kyk wie ons groot wenner van die dag is. | Dairymaid-verhoog |
| 16:00 | **Kariba-sport:**<br><br>Aksienetbal vir al die hoërskoolleerders en ouer. | Tennisbane |
| 19:00-22:00 | **Kariba-dans:**<br><br>Al lankal lus vir skoffel? Vanaand kuier en dans ons 'n hond uit 'n bos uit! | Kariba-saal |

## Woensdag, 25 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Klein-Kariba-ontbyt!** | Koswerf Restaurant |

Slaap 'n bietjie laat en moenie die potte en panne trotseer nie.
Ons buffetontbyt wag elke dag vir jou.

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-16:00 | **Verfbalkompetisie:**<br>R135 per persoon wat 50 verfballetjies insluit. Ekstra balletjies is teen R1 elk te koop. | Bespreek by die Inligtingsentrum |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br>Luister wat als vandag by die oord gebeur. | Oord |
| 10:00 | **Karnalliepret:**<br>Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikiti-pret:**<br>Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke. | Dairymaid-verhoog |
| 16:00 | **Straatbraai:**<br>Klein-Kariba voorsien die vure asook heerlike pap en sous. | Voor Camp Master winkel by karavaanpark |
| 18:00 | **Interaktiewe tromspel saam Laser Adventures:**<br>Kom leer om 'n verskeidenheid maatslae te speel en sit dit dan alles saam in 'n wonderlike ensemble. | Voor Camp Master winkel by karavaanpark |

## Donderdag, 26 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Bôbaas buffetontbyt:**<br>Van vars vrugte, muesli en jogurt tot omelette en spek met heerlike tuisgebak, koffie en sap ingesluit – ons ontbytbuffet kan daagliks geniet word. *À la carte*-spyskaart beskikbaar vanaf 11:00. | Koswerf Restaurant |
| 08:00-16:00 | **Rotsklim en abseil:**<br>Kom wys jou staal teen R50 per beurt. | Grasland |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!** | Oord |

| | | |
|---|---|---|
| | Luister wat als vandag by die oord gebeur. | |
| 09:00-18:00 | **Wegneemetes en Chip-n-Dip:** Bederf jonk en oud met lekkernye sonder om 'n oomblik van die pret by die swembad te mis. | Kits-Koswerf Kiosk |
| 10:00 | **Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikiti-pret:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke. | Dairymaid-verhoog |
| 14:00 | **Kragpaartjie:** Wie is Klein-Kariba se superpaartjie? Inskrywings vanaf 14:00. | Dairymaid-verhoog |
| 16:00 | **Kariba-sport:** Raak rugby vir al die hoërskoolleerders en ouer. | Grasland |

## Vrydag, 27 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Klein-Kariba-ontbyt:** Moenie die propvol dag op 'n leë maag trotseer nie. Ons buffetontbyt en *à la carte*-ontbytopsies wag om vir jou krag te gee! | Koswerf Restaurant |
| 08:00-16:00 | **Boogskiet teen R55 per beurt:** Is jy die volgende Robin Hood? Kyk of jy die teikens kan plat skiet. | Grasland |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur. | Oord |
| 10:00 | **Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |

| | | |
|---|---|---|
| 11:00 | **Afrikiti-pret:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke. | Dairymaid-verhoog |
| 12:00-20:00 | ***À la carte*-spyskaart en dameskroeg** | Koswerf Restaurant |
| 15:00 | **Motormallemeule:** Stoeledans met jou voertuig. Spanne van vier. | Gholfbaan |
| 15:00-17:00 | **Heerlike wafel en roomys @ R30** | Koswerf Restaurant |
| 19:00-22:00 | **Kuierkans vir die jong klomp:** Kom kuier gerus saam met die vermaakspan om 'n heerlike warm vuurtjie! | Na Donker |

## Saterdag, 28 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Bôbaas-buffetontbyt:** Begin jou dag reg met vrugte, jogurt en graankosse. Bou jou eie omelette en geniet 'n wye verskeidenheid bygeregte. Geniet koffie, tee en sap saam met 'n gebakte bederfie, alles ingesluit by ons buffetontbyt, beskikbaar tot 11:00. | Koswerf Restaurant |
| 10:00 | **Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur. | Oord |
| 11:00 | **Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag saam met ons te kom inkleur en speletjies te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikiti-pret:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke. | Dairymaid-verhoog |

| | | |
|---|---|---|
| 14:00 | **Laser kleiduifskiet:**<br>Kom kyk hoe akkuraat jy die kleiduif kan skiet en staan 'n kans om 'n groot prys te wen. | Grasland |
| 17:00 | **Bring en braai:**<br>Klein-Kariba voorsien die vure, musiek en lekker atmosfeer. Moet dit nie misloop nie. | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Gaskuntenaar:**<br>**Die gewilde ONS** | Dairymaid-verhoog |

## Sondag, 22 September 2024

| | | |
|---|---|---|
| 09:00 | **Rustige musiek by die swembad.** | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Filmvertoning:**<br>Bring jul komberse, kussings en natuurlik eet- en drinkgoed. | Dairymaid-verhoog |